

Ps 95:1 – 3: “Kom, laat ons jubel tot eer van die Here, laat ons juig oor die rots by wie ons redding vind, laat ons na Hom toe gaan met lof, laat ons Hom toejuig met lofsange, want die Here is die magtige God, die groot koning oor al die gode.”

Meimaand was 'n besonder besige en woelige maand. Al die versorgers was pligsgetrou op hulle pos en Johannes het flink saamgewerk. Hy was bedrywig met sy kwinkslae en het mooi deelgeneem. Vra ewe een oggend vir my hoekom ek dan nou met hom in die derde persoon praat? Ek het gevra: “En hoe voel hy vanoggend?”

Eugene Louw wat saam met Johannes in die Laerskool was, het ingestem om Johannes met “carpet bowling” te help. Eugene is in Hoërskool Strand se rolbalspan en verduidelik geduldig vir Johannes waar die wit balletjie lê, hoe Johannes sy hand moet draai en watter kant toe hy moet gooi. Johannes geniet die interaksie met iemand van sy ouderdom. Hierdie tegniek verskil hemelsbreed van die jukskei-gooiery. Daar moet Pieter weer help om te swaai-swaai-swaai en te gooi. Party dae kry Johannes dit pragtig reg. Pieter help en moedig aan en juig wanneer die pen raakgegooi word.

Ons het ook vir Hannah, 'n Duitse 20-jarige by die perdry raakgeloop. Sy is in Suid-Afrika om by haar vriend te kuier. Sy het ingestem om vir 3 Donderdae vir my en Johannes met die Duits te help. Sy het vir ons oulike lyste saamgestel om die sinne beter uit te werk. Ons het vir haar ook 'n paar sinne in Afrikaans geleer! (Geen vloekwoorde nie...) Sy vertrek ongelukkig vroeg in Junie terug Duitsland toe, maar ons het haar e-pos adres en selnommer en kan haar enige vrae stuur sodat sy dit vir ons kan vertaal. Hannah het my weer moed vir die toekoms gegee. Wat 'n oulike, hulpvaardige, pragtige, jong dame!

1 Kron 16:31: Die hemele moet bly wees en die aarde moet juig, hulle moet onder die nasies verkondig: “Die Here regeer.”

Oulike sêgoed deur Johannes uitgedink:

- Kan daar in 'n dorp probleme plaasvind?
- Kan 'n vrou hans wees? (Hans is 'n mansnaam.)
- Hoekom praat 'n mens van BITTER lekker?
- Dink jy perde kan nagmerries kry?
- Kan 'n motor en 'n vragmotor in 'n ongeluk betrokke wees?
- Kan 'n **oom** 'n vraag **antwoord**?

Gebedsverseeke:

- Hoofpyne
- Algehele herstel van enige epilepsie
- Volgehoue energie en goeie gesondheid vir Johannes en al die versorgers
- Sterk bene wat op hulle eie kan loop en oë wat kan sien
- Ons is dankbaar vir almal se volgehoue gebede


Ps 62:8: “God is ons **redding** en ons **krag**. Hy is ons **rots**, ons **sterkte**. God is ons **toevlug**.”

Tot volgende maand. Anelé

Foto's Vorderingsverslag 91



Ashleigh, Teal en Johannes oefen in die Gym



John wys: "Ek help niks!"



Johannes en Hannah (student uit Duitsland)



Johannes en Annelie (fiso) oefen om die spiere sterk te maak



Johannes en Eugene speel "Carpet Bowling"



Willem en Johannes het by die see gaan stap